# GEMEENTEBULLETIN

**14 JANUARIE 2022**

## EREDIENS 16 JANUARIE 2022

**Oggenddiens 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Duvenhage (4)**

## VERANDERING IN EREDIENSTYE 2022

**Vanaf 23 Januarie 2022 (elke Sondag tydens skoolkwartale)**

- Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn
- Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn
- Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn
- Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn

## AFSKEIDSPREEK DS. CALLIE VISAGIE

Ds. Callie Visagie tree einde Januarie 2022 af. Sy afskeidspreek is op Sondag 30 Januarie om 09:00 in die kerk. Die familie- en meditatiewe dienste skakel ook by dié spesiale erediens in. Na afloop van die erediens sal tee, koffie en verversings op die terrein bedien word.

## KATEGESE-REGISTRASIE 2022

Registreer asseblief jou kinders aanlyn vir 2022-kategese. Volg die skakels op die www.stellenberg.co.za en voltooi die vorm wat op jou gesin van toepassing is. Dit is 'n vinnige proses. Jy kan ook self veranderinge m.b.t. jou identifiserende besonderhede aanbring, deur op ons stelsel te registreer, of 'n e-pos na odette@stellenberg.co.za te stuur. Ons doen 'n beroep op ouers om asseblief alle kinders vir kategese te registreer, al was hulle voorheen by die kategese ingeskakel. Ons wil graag weet vir hoeveel kinders ons vanjaar voorsiening moet maak.

### KONTAK ONS


021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### GEE JOU BYDRAE ASSEBLIEF ELEKTRONIES

Ons doen 'n beroep op lidmate om sover moontlik bydraes en ook bank-kollektes elektronies deur middel van EFT of Snap-Scan te gee.

Die hantering van kontant skep ongelukkig 'n sekuriteitsrisiko.

## BEVESTIGING VAN DS. JOHAN VISSER

Ds. Johan Visser is in 2021 (in ds. Callie Visagie se plek) na die gemeente beroep. Hy word op Sondag 6 Februarie om 09:00 tydens die oggenddiens in die gemeente bevestig. Die familie- en meditatiewe dienste sal ook by sy bevestigingsdiens inskakel. Daar is dus geen familie- of meditatiewe diens op 6 Februarie 2022 nie.

## HARTLIK WELKOM AAN DIE VISSERS

Ons verwelkom graag die gemeente se nuwe leraar, ds. Johan Visser, sy vrou, Nicola en drie kinders, James, Olivia en Ava-Jane in Stellenberg-gemeente. Die Vissers wat vanaf die Vrystaat verhuis het, het reeds in die pastorie in Ameliastraat ingetrek. Johan sal vanaf 1 Februarie 2022 in die gemeente werksaam wees.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon deur 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428 te stuur.

## 'N GEDAGTE VIR ELKE DAG

Daar word vir elke dag van die jaar 'n geestelike dagstuk, saamgestel deur ons leraarspan en op ons aanlyn platforms geplaas. Lees die dagstuk of luister na die stemboodskap op die gemeente se webwerf, YouTube-kanaal of Facebookblad. Indien jy na die stemboodskap op jou selfoon wil luister, WhatsApp jou naam + stemboodskap na 081 045 2428. Jy sal dan die stemboodskap soggens op jou selfoon ontvang.

## NUWE LIDMATE

Hartlik welkom in Stellenberg-gemeente. Stuur asb. jou besonderhede aan odette@stellenberg.co.za of voltooi die nuwe-intrekkervorm op die webwerf sodat ons jou kan kontak. Ons sal jou graag persoonlik wil verwelkom.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 7 Februarie om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

## KOSPROJEK BYDRAES

Bydraes van niebederfbare kositems kan voor Dinsdag 25 Januarie by die kerkkantoor afgegee word, of in die voorportaal van die kerk gelaat word. Kontantbydraes kan elektronies oorbetaal word aan ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

Verwysing: Kosprojek.

## GRAAD 8-KAMP

Die jaarlikse graad 8-kamp word hierdie naweek by die *True North Experience*-kampterrein in Durbanville aangebied. Dit is lekker om weer ’n volwaardige kamp aan die 150 leerders wat ingeskryf het, aan te bied. Ons vertrou dat dit vir leerders en leiers ’n geestelik verrykende ervaring sal wees.

## EREDIENSWERKERS

Ons het steeds ’n dringende tekort aan eredienswerkers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer per maand by ’n bepaalde erediens behulpsaam te wees met die uitdeel van bulletins, verwelkoming van kerkgangers en die bediening van die nagmaal, kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za/021 976 4519.

## LERAARS AAN DIENS IN VAKANSIETYD

12 tot 14 Januarie 2022 – Philipp Dietmann

15 tot 18 Januarie 2022 – Marius Breytenbach

## VAKATURE BY HUIS ARISTEA, D’VILLE

’n Vakature vir ’n sentrumbestuurder is beskikbaar by Huis Aristea (’n program van Badisa) in Durbanville – verantwoordelik vir die versorging en huisvesting van senior burgers. Die volledige posbeskrywing kan per e-pos by karin@stellenberg.co.za aangevra word.

Persone met bewese bestuursagtergrond kan hul CV’s voor 4 Februarie aan mhb@badisa.org.za stuur.

### HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Die leraarspan is diep onder die indruk van die fisiese en psigiese nood wat gesinne en individue te midde van die pandemie beleef en wil graag waar moontlik die nodige ondersteuning aanbied. Indien jy nood van enige aard ervaar, stuur asb. ’n e-pos aan hulp@stellenberg.co.za. Boodskappe word met groot diskresie deur slegs twee leraars hanteer.

### WOLSKENKINGS


Die gemeente se breigroep is baie afhanklik van enige wolskenkings. Indien jy bruikbare afvalwol het, skenk dit gerus vir dié flukse breiers.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2021

Ons is opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die spesiale insameling bydra. Die tiendemaandinsameling word in besonder vir gemeentewerk benut. Bydraes kan tot einde Februarie 2022 gemaak word.

In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as 'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend. So vorder die insameling:

2 Kor 9:10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.




## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Ontvang weekliks per e-pos elektroniese nuus soos die weeklikse bulletin en maandelikse Stellenberger asook die skakel na die aanlyn eredienste, deur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za te stuur.